<b>Uitsette</b>	Die munisipaliteit sal gemeet word teen die aantal personeel wat aangestel word ingevolge die personeel plan om die menslike nedersettings programme te implementeer.
<b>Prioriteitsuitkomst van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra</b>	Nasionale Uitkoms 8: Volhoubare menslike nedersettings en verbeterde gehalte van huishoudelike lewe. Provinsiale Strategiese Doelwit (PSG) 4: Bevorder 'n veerkragtige, volhoubare, gehalte- en inklusiewe leefbare omgewing.
<b>Besonderhede vervat in besigheidsplan/ implementeringsplan</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Teikens, prestasies en sleutel verantwoordelikhede.</li> <li>• Implementeringsproses van die akkreditasie besigheidsplan.</li> <li>• Begrotingstoekenning en berekening van die akkreditasie besigheidsplan.</li> <li>• Tydsraamwerk en mylpale van die akkreditasie programme.</li> <li>• Monitering en verslagdoening.</li> </ul>
<b>Voorwaardes</b>	Die provinsiale regering en die munisipaliteit sal 'n ooreenkoms onderteken waarin die munisipaliteit hul verbind om die gestelde doelwitte te bereik.
<b>Toewysingskriteria</b>	Gebaseer op die geprojekteerde uitgawes in die besigheidsplan soos ingedien by die Departement van Menslike Nedersettings deur die munisipaliteit.
<b>Rede waarom nie in ekwifiteitsaandeel ingelyf</b>	In terme van artikel 154(1) van die Grondwet van RSA, 1996 (Wet 108 van 1996), moet die nasionale en die provinsiale regerings, ingevolge wetgewing en ander maatreëls, die kapasiteit van munisipaliteite ondersteun en versterk, om uitvoering te verleen ingevolge hul eie magte om hulle funksies uit te voer.
<b>Vorige prestasie</b>	2016/17: R10 miljoen 2017/18: R5 miljoen 2018/19: R5 miljoen
<b>Geprojekteerde tydsduur</b>	Die program is opgeneem in die departementele strategiese plan vir die tydperk 2019/20 MTUR.
<b>MTUR-toewysings</b>	2019/20: R18.734 miljoen; 2020/21: R18.966 miljoen; 2021/22: R12.770 miljoen Die befondsing vereistes vir die MTUR sal aangespreek word ingevolge die munisipale behoeftes soos ooreengekom tussen die Departement van Menslike Nedersettings en die Munisipaliteit gebaseer op werklike prestasie. Dit sal befonds word van die bedryfskapitaal begrotingsprogram toewysing vir die buite jare.
<b>Betalingskedule</b>	Fondse sal oorgedra word ingevolge die ooreenkoms.



<b>MUNISIPALE AKKREDITERING EN KAPASITEITSBOU TOEKENNING</b>	
<b>Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeamppte en ontvangsbeamppte</b>	<p><b>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Kondig die begrotingstoewysings vir munisipaliteite in die staatskoerant af en bring dit aan in die betaling skedules reëlings/ooreenkomste.</li> <li>• Moniteer die munisipale prestasie met betrekking tot die toekenning, finansiële en nie-finansiële, en beheerstelsels verwant aan toekenning.</li> <li>• Bied ondersteuning aan munisipaliteite in terme van menslike nedersetting lewering soos benodig mag word.</li> <li>• Onderneem gestruktureerde en ander besoeke aan munisipaliteite.</li> <li>• Ander voorwaardes soos uiteengesit in die ooreenkoms.</li> </ul> <p><b>Verantwoordelikhede van die munisipaliteit</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Nakoming van die terme en voorwaardes van die provinsiale en munisipale prestasie ooreenkomste.</li> <li>• Alle voorsieningsprosesse moet ooreenkomstig met die MFBW (MFMA) en ander Staatsvoorskrifte geskied.</li> <li>• Toegang te verleen aan provinsiale en nasionale beamptes tot die finansiële rekords met betrekking tot die toekenning.</li> <li>• Effektiewe en doeltreffende interne beheer prosesse moet in plek wees.</li> <li>• Ander voorwaardes soos uiteengesit in die ooreenkoms.</li> <li>• Die Munisipale Bestuurder moet aansoek doen vir oordrag van allokasie en indien nodig onbestede fondse terug te betaal.</li> </ul>
<b>Proses vir goedkeuring van toewysings vir die 2020/21-boekjaar</b>	Dit sal afhang van die werklike prestasie en gesamentlike ooreenkoms tussen die departement en die munisipaliteit.

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Afbakening kode	Munisipaliteit	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
				2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)	2021/22 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)	2021/22 Toekenning (R'000)
A		Metro	Stad Kaapstad	15 000	15 000	10 000	15 000	15 000	10 000
B	DC1	WC015	Swartland	224	238	252	224	238	252
B	DC2	WC022	Witzenberg	224	238	252	224	238	252
B	DC2	WC023	Drakenstein	224	238	252	224	238	252
B	DC2	WC024	Stellenbosch	224	238	252	224	238	252
B	DC2	WC025	Breedevallei	448	475	503	448	475	503
B	DC3	WC033	Kaap Agulhas	224	238	252	224	238	252
B	DC4	WC043	Mosselbaai	224	238	252	224	238	252
B	DC4	WC044	George	448	475	503	448	475	503

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Afbakening kode	Munisipaliteit	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
				2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)	2021/22 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)	2021/22 Toekenning (R'000)
B	DC4	WC045	Oudtshoorn	1 270	1 350		1 270	1 350	
B	DC5	WC053	Beaufort-Wes	224	238	252	224	238	252
<b>TOTAAL</b> <sup>Nota</sup>				<b>18 734</b>	<b>18 966</b>	<b>12 770</b>	<b>18 734</b>	<b>18 966</b>	<b>12 770</b>

Nota <b>TOTAAL</b>	Munisipale Akkreditering en Kapasiteitsbou Toekenning		
	Munisipale Finansiële Jaar		
	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)	2021/22 Toekenning (R'000)
Bedryfskapitaal begrotingsprogram (Die bedrag van R18.734 miljoen word geormerk vir munisipale akkreditering en kapasiteitsbou onder verskeie Munisipaliteite.)	18 734	18 966	12 770

<b>MENSLIKE NEDERSETTINGS BESTANDFONDS</b>	
<b>Departement wat oordrag maak</b>	Menslike Nedersettings (Begrotingspos 8)
<b>Strategiese doelwit</b>	Om die kwaliteit van menslike nedersettings te verbeter deur middel van die befondsing van projekte, wat die disfunksie in sodanige nedersettings sal aanspreek.
<b>Doel van toekenning</b>	Om finansiële ondersteuning te verleen aan Stad Kaapstad om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die maandelikse huurgeld betaalbaar aan die private eienaar ten opsigte van die huurgeld vir 'n Gedeelte van Kaapse Plaas 1404, vir Redhill Informele Nedersetting;</li> <li>• Die bestuur van die verwydering van uitheemse plantasie (insluitend die kwartaallikse instandhouding); en</li> <li>• Die bestuur vir die verwydering van plantasie in die brandpad (insluitend die kwartaallikse instandhouding) op Plaas 1404, Kaap RD (bekend as Wildschut Plaas).</li> </ul>
<b>Uitkomste-verklarings</b>	Verbetering van die kwaliteit van menslike nedersettings deur middel van die befondsing van projekte, wat ook die disfunksies in sodanige nedersettings sal aanspreek.
<b>Uitsette</b>	Administrasie en betaling van die maandelikse huurgelde ten opsigte van Redhill Informele Nedersettings vir 'n tydperk van drie (3) jaar, insluitend die verwydering van uitheemse plantasie en die onderhoud van die brandpad op Plaas 1404, Kaap RD om brande te voorkom.
<b>Prioriteitsuitkomste van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra</b>	Nasionale Uitkoms 8: Volhoubare menslike nedersettings en verbeterde gehalte van huishoudelike lewe. Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 4: Bevorder 'n veerkragtige, volhoubare, gehalte- en inklusiewe leefbare omgewing. Administrasie en bestuur van die Redhill Informele Nedersetting ten opsigte van huurgelde betaalbaar aan die grondeienaar sowel as die verwydering van uitheemse plantasie om toekomstige verwoestende brande te voorkom.
<b>Besonderhede vervat in besigheidsplan/ implementeringsplan</b>	'n Huurooreenkoms bestaan tussen Stad Kaapstad en die privaat eienaar van die plaas Red Hill waarop onwettige informele nedersettings opgerig is. Stad Kaapstad doen jaarliks verslag oor die uitgawes met betrekking tot die toekenning.
<b>Voorwaardes</b>	Soos uiteengesit in die Memorandum van Ooreenkoms aangegaan tussen die Departement van Menslike Nedersettings en Stad Kaapstad.
<b>Toewysingskriteria</b>	Munisipaliteit het aangedui dat fondse nie genoegsaam is vir die bestuur van die Informele Nedersetting en die verwydering en instandhouding van uitheemse plantasie.
<b>Rede waarom nie in ekwiteitsaandeel ingelyf</b>	In terme van artikel 26(1)(2) van die Grondwet, moet die Staat redelike, wetlike en ander stappe en maatreëls neem om binne sy beskikbare hulpbronne, die progressiewe realisering van menseregte te bereik, toegang tot voldoende behuising te hê.
<b>Vorige prestasie</b>	2016/17: R1.5 miljoen 2017/18: R1.5 miljoen 2018/19: R1.5 miljoen

<b>MENSLIKE NEDERSETTINGS BESTANDFONDS</b>	
<b>Geprojekteerde tydsduur</b>	2019/20 MTUR
<b>MTIUR-toewysings</b>	2019/20: R1.5 miljoen; 2020/21: R1.5 miljoen en 2021/22: R1.5 miljoen
<b>Betalingskedule</b>	Fondse sal eenmalig oorgedra word.
<b>Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeamppte en ontvangsbeamppte</b>	<p><b>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Kondig die begrotingstoewysings vir munisipaliteite in die staatskoerant af en bring dit aan in die betaling skedules reëlings/ooreenkomste.</li> <li>• Moniteer die munisipale prestasie met betrekking tot die toekenning, finansiële en nie-finansiële, en beheerstelsels verwant aan die toekenning.</li> <li>• Bied ondersteuning aan munisipaliteite in terme van menslike nedersetting lewering soos benodig mag word.</li> <li>• Onderneem gestruktureerde en ander besoeke aan munisipaliteite, soos benodig mag word.</li> <li>• Ander voorwaardes soos uiteengesit in die ooreenkoms.</li> </ul> <p><b>Verantwoordelikhede van die munisipaliteite</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Nakoming van die terme en voorwaardes van die provinsiale en munisipale prestasie ooreenkomste.</li> <li>• Alle voorsieningsprosesse moet ooreenkomstig die MFBW (MFMA) en ander Staatsvoorskrifte geskied.</li> <li>• Toegang te verleen aan provinsiale en nasionale beamptes tot die finansiële rekords met betrekking tot die toekenning.</li> <li>• Moet effektiewe en doeltreffende interne beheer prosesse in plek hê.</li> <li>• Ander voorwaardes soos uiteengesit in die ooreenkoms.</li> <li>• Die Munisipale Bestuurder moet aansoek doen vir oordrag van allokasie en indien nodig onbestede fondse terug te betaal.</li> </ul>
<b>Proses vir goedkeuring van toewysings vir die 2020/21-boekjaar</b>	Benodig die nodige goedkeuring vanaf die Nasional Tesourier in terme van artikel 17(5) die Wet op die Verdeling van Inkomste, 2003, om die toekennings aan munisipaliteite wat voorheen gepubliseer was, aan te pas.

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Afbakening kode	Munisipaliteit	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
				2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)	2021/22 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)	2021/22 Toekenning (R'000)
A		Metro	Stad Kaapstad <sup>Nota</sup>	1 500	1 500	1 500	1 500	1 500	1 500
<b>TOTAAL</b>				<b>1 500</b>	<b>1 500</b>	<b>1 500</b>	<b>1 500</b>	<b>1 500</b>	<b>1 500</b>

	Menslike Nedersettings Bestandsfonds		
	Munisipale Finansiële Jaar		
	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)	2021/22 Toekenning (R'000)
<sup>Nota</sup> Stad Kaapstad			
Bedryfskapitaal begrotingsprogram (Die bedrag van R1.5 miljoen word geormerk vir nedersetting bystand vir Stad Kaapstad wat gefinansier sal word uit die bedryfskapitaal begrotingsprogram. Die befondsing vir die buite jare sal toegewys word gebaseer op werklike prestasie en gesamentlike ooreenkoms tussen die Stad Kaapstad en die departement.)	1 500	1 500	1 500

<b>TITEL-AKTE RESTOURASIE TOEKENNING</b>	
<b>Oordraggewende provinsiale departement</b>	Menslike Nedersettings (Begrotingspos 8)
<b>Strategiese doelwit</b>	Die skepping van sekuriteit van verblyfreg en goed-funksionerende billike eiendomsmark.
<b>Doel van toekenning</b>	Om befondsing te voorsien vir die uitwissing van die voor-2014 titel-akte registrasie agterstand en die gepaardgaande professionele fooie, insluitend die verifikasie van begunstigdes.
<b>Uitkomste-verklarings</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Behuisingsekuriteit vir alle begunstigdes van Staats-gesubsidieerde behuising.</li> <li>• Funksionering van die sekondêre eiendomsmark.</li> <li>• Verbeterde lewensstandaard.</li> </ul>
<b>Uitsette</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Aantal titel-aktes namens begunstigdes van Staatsbehuisingssubsidies geregistreer (voor 1994 en na 1994 vir projekte voltooi teen 31 Maart 2014).</li> <li>• Aantal titel-aktes aan begunstigdes van Staatsbehuisingssubsidies uitgereik (voor 1994 en na 1994 vir projekte voltooi teen 31 Maart 2014).</li> <li>• Aantal woongebiede geproklameer en registers geopen.</li> <li>• Aantal begunstigdes bevestig as titel-akte houers.</li> <li>• Verhoogde institusionele kapasiteit van munisipaliteite en provinsies ten opsigte van eiendomregistrasie.</li> </ul>
<b>Prioriteitsuitkomste van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Nasionale Uitkoms 8: Volhoubare menslike nedersettings en verbeterde lewenskwaliteit van huishoudelike lewe.</li> <li>• Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 4: Bevorder 'n veerkragtige, volhoubare, gehalte- en inklusiewe leefbare omgewing.</li> </ul>
<b>Besonderhede vervat in die besigheidsplan/ implementeringsplan</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Medium termyn strategiese raamwerk, Medium Termyn Uitgaweraamwerk teikens, uitsette en uitkomste.</li> <li>• Implementering Ooreenkoms tussen nasionaal, provinsiaal en plaaslike regerings.</li> <li>• Bewys van gesamentlike beplanning met munisipaliteite.</li> <li>• Titel-akte projekpylyn matriks.</li> <li>• Jaarlikse en kwartaalike uitsette en teikens.</li> <li>• Projek maatskaplike fasiliteringsplan.</li> <li>• Kontantvloeï projeksie (betalingskedsule).</li> <li>• Kwartaalike verslagdoening.</li> <li>• Verkrygingsplan, bevestiging van die aanstelling van vereiste diensverskaffers.</li> </ul>
<b>Voorwaardes</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hierdie fondse kan nie gebruik word vir die finansiering van titel-aktes ten opsigte van projekte voltooi na 31 Maart 2014 nie.</li> <li>• Implementering besigheidsplanne goedgekeur deur die Rekenpligtige Beamptes teen vooraf ooreengekome datums.</li> <li>• Die oordrag van die eerste gedeeltelike betaling van fondse, wat aan die begin van die finansiële jaar gemaak moet word, is voorwaardelik op goedkeuring van die provinsiale besigheidsplanne deur die nasionale Departement van Menslike Nedersettings (DMN).</li> <li>• Die oordrag van daaropvolgende gedeeltelike betalings is voorwaardelik</li> </ul>

<b>TITEL-AKTE RESTOURASIE TOEKENNING</b>	
	<p>op die indiening van gedetailleerde verslae deur provinsies oor die lewering en uitgawes ten opsigte van die vorige oordragbetaling. Genoemde verslag moet die volgende insluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Ooreengekome lewering ondersteun deur bewyse.</li> <li>- Werklike uitgawe teenoor beplande kontantvloei projeksies vir dieselfde periode.</li> <li>- Nakoming van die Behuisingssubsidie skema en die Titel-akte Restourasieprojek Paneelbord.</li> <li>- Kontantvloei projeksies vir die oorblywende gedeelte van die finansiële jaar.</li> </ul> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Provinsies moet die teikens en begroting vaslê, asook maandeliks die statistieke oor lewering en uitgawes op die Behuising Subsidie Stelsel (BSS), die Basiese Rekenkundige Stelsel (BRS), die Titel-akte Restourasieprojek Paneelbord en die Projek Gereedheids Matriks vaslê.</li> <li>• Provinsiale Departementshoofde van Menslike Nedersetting Departemente (HvD'e) moet afteken en bevestig dat projekte wat op die implementeringsplanne vasgelê is, getakseer en goedgekeur is vir implementering in die 2019/20 finansiële jaar.</li> <li>• Provinsies mag slegs fondse spandeer in lyn met die goedgekeurde besigheidsplanne.</li> <li>• Provinsies moet maandeliks en kwartaaliks finansiële en nie-finansiële verslae by die nasionale Departement van Menslike Nedersettings indien.</li> <li>• Waar provinsies nie 60 persent van hulle oordragfondse teen die einde van die eerste kwartaal gespandeer het nie, mag daaropvolgende oordragbetalings gestop word en herallokeer word in terme van seksie 18 en 19 van die Verdeling van Inkomstewet, 2018.</li> <li>• Provinsies mag die oordragbeampte skriftelik versoek vir goedkeuring om hulle goedgekeurde besigheidsplanne te wysig. Hierdie versoek moet tussen 15 Augustus en 15 Oktober 2019 ingedien word. Dit is die enigste geleentheid tot die beskikking van provinsies vir versoeke om hulle goedgekeurde besigheidsplanne aan te pas. Gewysigde besigheidsplanne sal teen 30 Oktober 2019 goedgekeur word.</li> </ul>
<b>Toewysingskriteria</b>	Die toekenning word per provinsie geallokeer op gronde van volledige besigheidsplanne, ingelig deur 'n bevestigde titel-akte agterstand per provinsie.
<b>Rede waarom nie in ekwiliiteitsaandeel ingelyf</b>	Die toekenning word per provinsie geallokeer op gronde van volledige besigheidsplanne, ingelig deur 'n bevestigde titel-akte agterstand per provinsie.
<b>Vorige prestasie</b>	Werklike uitgawes volgens jaarverslag: 2018/19: R50.361 miljoen
<b>Geprojekteerde tydsduur</b>	Drie jaar, eindigende in 2020/21.
<b>MTUR toewysings</b>	2019/20: R64.410 miljoen 2020/21: R67.952 miljoen

<b>TITEL-AKTE RESTOURASIE TOEKENNING</b>	
<b>Betalingskedule</b>	Maandelikse paaielemente soos per die betalingskedule goedgekeur deur die Nasionale Tesourie.
<b>Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampte en ontvangsbeampte</b>	<p><b>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Verseker dat provinsies se finansiële en nie-finansiële inligting in lyn is met verslagdoening op BRS, BSS, goedgekeurde provinsiale besigheidsplanne en provinsiale kwartaalverslae.</li> <li>• Die maandelikse uitgawe verslag, soos beoog in seksie 12(3) van die 2019, 2020 and 2021 DoRA en seksie 40(4)(c) van die Publieke Finansiële Bestuurswet (PFBW), moet ingedien word teen die 15de van elke maand, ten opsigte van die voorafgaande maand.</li> <li>• Die maandelikse DoRA uitgawe en kwartaallikse finansiële en nie-finansiële verslae moet beide deur die Hoof van die provinsiale departement en die hoof van die relevante tesourie onderteken word.</li> <li>• Verslae oor uitsette soos genoem in bogenoemde raamwerk moet teen die 15de van elke maand ingedien word, ten opsigte van die uitsette van die vorige maand.</li> <li>• Fasiliteer gereelde interaksie tussen die Departement Menslike Nedersettings en provinsiale departemente van menslike nedersettings en munisipaliteite.</li> </ul> <p><b>Verantwoordelikhede van die munisipaliteite</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Nakoming van die terme en voorwaardes van die provinsiale en munisipale prestasie ooreenkomste.</li> <li>• Munisipaliteite moet maandeliks verslae voorsien oor fondse geallokeer en aangewend op programme en projekte.</li> <li>• Voorsien die departement met verslae ten opsigte van werklike vordering.</li> <li>• Indien van besigheidsplanne in lyn met Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 4 en Nasionale Uitkoms 8.</li> <li>• Alle voorsienings prosesse moet voldoen aan die voorskrifte ingevolge die MFBW (MFMA). Alle kontrakteurs moet by die NHBR en CIDB geregistreer wees.</li> <li>• Verlening van toegang aan provinsiale en nasionale beamptes tot alle finansiële rekords met betrekking tot die toekenning.</li> <li>• Moet oor effektiewe en doeltreffende interne beheer prosesse beskik.</li> <li>• Munisipaliteite moet verseker dat kontrakteurs binne 30 dae na sertifisering van fakture betaal word.</li> <li>• Die Munisipale Bestuurder moet aansoek doen vir oordrag van allokasie en indien nodig onbestede fondse terug te betaal.</li> </ul>
<b>Proses vir goedkeuring van toewysings vir die 2020/21-boekjaar</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Konsep provinsiale implementeringsplan 2020/21 finansiële jaar en projek gereedheids matriks moet by die nasionale Departement van Menslike Nedersettings ingedien word teen 31 Augustus 2019, met tweede konsep planne wat ingedien moet word teen einde Oktober 2019 en finale planne wat voor 15 Maart 2020 ingedien moet word vir oorweging.</li> <li>• Oorweging (evaluering en moontlike goedkeuring) van die provinsiale besigheidsplan moet teen 15 Maart 2020 gefinaliseer wees.</li> <li>• Nasionale departement oorweeg en lig provinsies teen 16 November 2019 in of fondse direk of indirek aan provinsies toegeken sal word in 2020/21.</li> </ul>

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Afbakering kode	Munisipaliteit	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
				2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)	2021/22 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)	2021/22 Toekenning (R'000)
Fondse weerhou deur die Departement <small>Nota</small>				64 410	67 952		64 410	67 952	
<b>TOTAAL</b>				<b>64 410</b>	<b>67 952</b>		<b>64 410</b>	<b>67 952</b>	

Nota Fondse weerhou deur departement	Titel-Akte Restourasie Toekenning		
	Munisipale Finansiële Jaar		
	2019/20 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)
Titel-akte restourasie toekenning	64 410	67 952	
<b>Totaal</b>	<b>64 410</b>	<b>67 952</b>	



<b>STREKS SOSIO-EKONOMIESE PROJEKTE (SSEP)- MUNISIPALE PROJEKTE</b>	
<b>Oordraggewende provinsiale departement</b>	Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (Begrotingspos 9)
<b>Strategiese doelwit</b>	Om totale gemeenskaps-benadering te implementeer en sosiale en stedelike toestande op te gradeer en om veiligheid te verbeter.
<b>Doel van toekenning</b>	Om programme te implementeer en te ondersteun, te skakel met belanghebbendes en om gemeenskappe in staat te stel om saam met die regering te werk om ekonomiese en stedelike opgradering te bewerkstellig.
<b>Uitkomste-verklarings</b>	Fasiliteer die implementering van SSEP Program in munisipaliteite.
<b>Uitsette</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Projekte soos goedgekeur deur gemeenskap en belanghebbendes.</li> <li>• Projekte moet voldoen aan seleksie kriteria.</li> </ul>
<b>Prioriteitsuitkomste van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Nasionale Uitkoms 10: Omgewing bates en natuurlike hulpbronne wat goed beskerm word en voortdurend verbeter.</li> <li>• Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 3: Verbeter welstand en veiligheid en spreek maatskaplike probleme aan.</li> <li>• Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 4: Bevorder 'n veerkragtige, volhoubare, gehalte en inklusiewe leefbare omgewing.</li> <li>• Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 5: Vestig goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en ruimtelike belyning.</li> </ul>
<b>Besonderhede vervat in besigheidsplan/ implementeringsplan</b>	<p><b>A-tipe projekte: Stedelike opgradering</b></p> <p>Projekte wat die SSEP doelwitte reflekteer naamlik: pro-arm; gemeenskap gesentreerd, menslike skaal, innoverend, inspirerend, funksioneel en sigbare stedelike opgradering. Die hele buurt of sub-area moet voordeel trek. Ten minste 50 persent van munisipale projekte moet in hierdie kategorie val.</p> <p><b>B-tipe projekte: "Sosiale" projekte</b></p> <p>Projekte wat fokus op aktiwiteite, programme of fasiliteite vir spesifieke groepe of om sosiale doelwitte binne gemeenskappe aan te spreek, byvoorbeeld vroeë kinderstadiumontwikkeling, jeug, opvoeding, opleiding, self-verbetering, veiligheid, ontspanning, gesondheid, omgewingsnethed, ekonomiese ontwikkeling, met voordele op buurt skaal.</p>
<b>Voorwaardes</b>	<p>Nakoming van vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet nr. 1 van 1999), artikel 71(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003) en ander voorwaardes soos bepaal deur die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning.</p> <p>Munisipaliteit moet deel van SSEP Program wees en moet bydra deur middel van mede-befondsing.</p>
<b>Toewysingskriteria</b>	<p>Alle projekte moet die SSEP tema versterk en bevorder en potensieël voorbeelde/loodse/beste praktyk vir ander dorpe en munisipaliteite ondersteun.</p> <p>Alle projekte moet 'waarde vir geld' met 'n hoë impak relatief tot die koste weerspieël.</p> <p>Alle projekte moet ondersteun word deur die inwoners; soos verwoord deur toepaslike gemeenskapstrukture.</p> <p>Ten minste 80 persent van die projekte moet werklike implementering of konstruksie behels; dit wil sê uitsluitend beplanning en ontwerp.</p>
<b>Rede waarom nie in ekwitietsaandeel ingelyf</b>	Die bedrae is onderhewig aan die implementering gereedheid.
<b>Vorige prestasie</b>	2016/17: R26.5 miljoen; 2017/18: R9.85 miljoen; 2018/19: R15 miljoen

<b>STREKS SOSIO-EKONOMIESE PROJEKTE (SSEP)- MUNISIPALE PROJEKTE</b>	
<b>Geprojekteerde tydskuur</b>	2019/20 MTUR
<b>MTUR-toewysings</b>	2019/20: R31.8 miljoen; 2020/21: R30.7 miljoen; 2021/22: R10 miljoen
<b>Betalingskedule</b>	Betaling is afhangend van die indiening van die goedgekeurde besigheidsplan/getekende ooreenkoms.
<b>Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampte en ontvangsbeampte</b>	<p><b>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Goedkeuring van die besigheidsplan van die munisipaliteit.</li> <li>• Monitering en ondersteuning aan die munisipaliteite.</li> </ul> <p><b>Verantwoordelikhede van die munisipaliteite</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Fondse moet in ooreenstemming met die goedgekeurde besigheidsplan aangewend word.</li> <li>• Die Munisipale Bestuurder moet aansoek doen vir oordrag van allokasie en indien nodig onbestede fondse terug te betaal.</li> </ul>
<b>Proses vir goedkeuring van toewysings vir die 2020/21-boekjaar</b>	Toewysing soos per voorlegging en goedkeuring van die projek formaat, die nakoming van die projek seleksie kriteria en die goedkeuring deur Begrotingspos 9 rekenpligtige beampte.

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Afbakenings-kode	Munisipaliteit	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
				2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)	2021/22 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)	2021/22 Toekenning (R'000)
B	DC1	WC013	Bergrivier	4 500			4 500		
B	DC1	WC014	Saldanhabaai	2 700	500		2 700	500	
B	DC1	WC015	Swartland	4 000	2 000		4 000	2 000	
B	DC2	WC022	Witzenberg	5 000			5 000		
B	DC2	WC024	Stellenbosch	1 500	2 500		1 500	2 500	
B	DC2	WC025	Breedevallei	5 100	900		5 100	900	
B	DC3	WC033	Kaap Agulhas	2 145	1 000		2 145	1 000	
B	DC4	WC043	Mosselbaai	2 755			2 755		
B	DC4	WC047	Bitou	2 600	2 000		2 600	2 000	
B	DC5	WC052	Prins Albert	1 500	2 500		1 500	2 500	
<b>Ander (Ontoegewys)</b> <small>Nota</small>					19 300	10 000		19 300	10 000
<b>TOTAAL</b>				<b>31 800</b>	<b>30 700</b>	<b>10 000</b>	<b>31 800</b>	<b>30 700</b>	<b>10 000</b>

<small>Nota</small> Ander (Ontoegewys)	Streks Sosio-Ekonomiese Projekte- Munisipale Projekte		
	Munisipale Finansiële Jaar		
	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)	2021/22 Toekenning (R'000)
Alle projek keuses vir die 2020/21 (R19.300 miljoen) en 2021/22 (R10.000 miljoen) is nog nie gefinaliseer nie en daarom reflekteer dit as ontoegeys.		19 300	10 000

<b>GROENSTE MUNISIPALITEIT KOMPETISIE</b>	
<b>Oordraggewende provinsiale departement</b>	Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (Begrotingspos 9)
<b>Strategiese doelwit</b>	Om die algemene publiek te bemagtig ten opsigte van omgewingsbestuur, deur bevordering van bewusmaking. Om bewustheid te bevorder oor omgewingswetgewing en omgewingsvriendelike praktyke ten einde voldoening aan die wetgewing en praktyke te verseker.
<b>Doel van toekenning</b>	Om programme te implementeer en te bevorder om met belanghebbendes te skakel en om gemeenskappe te bemagtig om in samewerking met die regering, omgewings en sosio-ekonomiese programme te implementeer.
<b>Uitkomsteverklarings</b>	Fasiliteer vergroeningsprogram inisiatiewe en bevorder volhoubare ontwikkeling binne munisipaliteite.
<b>Uitsette</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verbeterde omgewingsbestuur deur munisipaliteite.</li> <li>• Vergroening van munisipaliteite.</li> </ul>
<b>Prioriteitsuitkomst van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Nasionale Uitkoms 10: Omgewing bates en natuurlike hulpbronne wat goed beskerm word en voortdurend verbeter.</li> <li>• Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 4: Bevorder 'n veerkragtige, volhoubare, gehalte en inklusiewe leefbare omgewing.</li> </ul>
<b>Besonderhede vervat in besigheidsplan/ implementeringsplan</b>	Die kompetisie kriteria sluit in evaluering van munisipaliteite op 'n verskeidenheid temas soos afvalbestuur, klimaatsverandering reaksie en bewaring, biodiversiteit, kusbestuur, waterbestuur, lugkwaliteitsbestuur, leierskap, nakoming, institusionele reëlins en publieke deelname.
<b>Voorwaardes</b>	Nakoming van vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet nr. 1 van 1999), artikel 71(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003) en ander voorwaardes soos bepaal deur die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning.
<b>Toewysingskriteria</b>	Prystoekenings is gebaseer op die kompetisie reëls en kategorieë.
<b>Rede waarom nie in ekwifiteitsaandeel ingelyf</b>	Wenners word tydens die prystoekenning seremonie aangekondig in die relevante jaar.
<b>Vorige prestasie</b>	2016/17: R500 000; 2017/18: R500 000
<b>Geprojekeerde tydsduur</b>	2019/20
<b>MTUR-toewysings</b>	2019/20: R500 000
<b>Betalingskedule</b>	Betaling sal afhang van die indiening van goedgekeurde besigheidsplan/ getekende ooreenkoms.

<b>GROENSTE MUNISIPALITEIT KOMPETISIE</b>	
<b>Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsbeampte en ontvangsbeampte</b>	<p><b>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Goedkeuring van die bestuursplan van die munisipaliteit.</li> <li>• Monitering en ondersteuning aan die munisipaliteite.</li> <li>• Omsendskrywe aan munisipaliteite waarin die reëls van die kompetisie bekend gemaak word.</li> <li>• Evaluering van munisipaliteite wat deelneem aan die Groenste Munisipaliteit Kompetisie.</li> <li>• Prystoekening seremonie waar die wenners aangekondig word.</li> </ul> <p><b>Verantwoordelikhede van die munisipaliteite</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Fondse aangewend in ooreenstemming met die goedgekeurde bestuursplan.</li> </ul>
<b>Proses vir goedkeuring van toewysings vir die 2020/21-boekjaar</b>	Nie van Toepassing nie

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Afbakenings-kode	Munisipaliteit	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
				2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)	2021/22 Toekenning (R'000)	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)	2021/22 Toekenning (R'000)
<b>Ander (Ontoegewys)</b> <sup>Nota</sup>				500			500		
<b>TOTAAL</b>				<b>500</b>			<b>500</b>		

Nota <b>Ander (Ontoegewys)</b>	Groenste Munisipaliteit Kompetisie		
	Munisipale Finansiële Jaar		
	2019/20 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)	2020/21 Toekenning (R'000)
As deel van 'n nasionale proses, nooi die Departement munisipaliteite uit om deel te neem aan die Groenste Munisipaliteit Kompetisie. Die uiteindelijke resultaat en die aankondiging van die wenners vind in die loop van die jaar plaas, derhalwe word die munisipaliteite en prystoekennings in die Aansuiweringsbegroting van Provinsiale Uitgawe ingesluit.	500		

<b>GEÏNTEGREERDE VERVOERBEPLANNING</b>	
<b>Oordraggewende provinsiale departement</b>	Vervoer en Openbare Werke (Begrotingspos 10)
<b>Strategiese doelwit</b>	Bevorder goeie staatsbestuur, doeltreffendheid en effektiwiteit in die Departement.
<b>Doel van toekenning</b>	Om munisipale Geïntegreerde Vervoerplanne te hersien en by te werk ingevolge die Wet op Nasionale Padvervoer, 2009 (Wet 5 van 2009).
<b>Uitkomste-verklaring</b>	Geïntegreerde Vervoerplanne wat die vestiging van geïntegreerde vervoer binne die munisipale konteks ondersteun.
<b>Uitsette</b>	Hersiende en bygewerkte geïntegreerde vervoerplanne vir Tuinroete Distrik, George en Stellenbosch en Kaapse Wynland Distrik munisipaliteite – sal jaarliks aan die LUR wat verantwoordelik is vir Vervoer in die Wes-Kaap, voorgelê word.
<b>Prioriteit uitkomste(s) van die regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik gaan bydra</b>	Nasionale Uitkoms 6: 'n Doeltreffende, mededingende en deelnemende ekonomiese infrastruktuur netwerk. Nasionale Uitkoms 8: Volhoubare menslike nedersettings en verbeterde gehalte van huishoudelike lewe. Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 4: Bevorder 'n veerkragtige, volhoubare, gehalte- en inklusiewe leefbare omgewing. Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 5: Vestig goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en ruimtelike belyning.
<b>Besonderhede vervat in besigheidsplan/ implementeringsplan</b>	Uitkomsverklaring aanwysers: <ul style="list-style-type: none"> <li>• 29 geassesseerde Geïntegreerde Vervoerplanne.</li> </ul> Uitsette: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Voorsien strategiese beplanning en ondersteuning aan die Departement om die proses te bestuur om 'n tegniese georiënteerde uitkyk op vervoerbeplanning te verander na 'n meer onderhoubare proses, deur die ontwikkeling en belyning van vervoerbeleide in terme van die Wet op Nasionale Padvervoer, 2009 (Wet 5 van 2009).</li> </ul> Sleutel aktiwiteite: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ondersteuning aan munisipaliteite met die voorbereiding van Geïntegreerde Vervoerplanne [voorsien 'n kapasiteitsrol soos omskryf in artikel 11(b)(v) en (vii) van die Wet op Nasionale Padvervoer, 2009 (Wet 5 van 2009)].</li> </ul> Monitering en verslagdoening: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die Geïntegreerde Vervoerplanne word uitgevoer in ooreenstemming met die vereistes van artikel 36 van die Wet op Nasionale Padvervoer, 2009.</li> </ul>
<b>Voorwaardes</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Statutêre nakoming van die Wet op Nasionale Padvervoer, 2009 (Wet 5 van 2009).</li> <li>• Voldoen aan artikel 38(1)(j) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999).</li> <li>• Voldoen aan artikel 71(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003).</li> <li>• Prestasieooreenkomste gesluit (finansiël en nie-finansiël).</li> <li>• Voorsiening van maandelikse prestasieverslae (finansiël en nie-finansiël).</li> <li>• Stigting van Bestuurskomitee om die projek te bestuur.</li> <li>• Maandelikse Bestuurskomitee vergaderings en notules.</li> <li>• Voorlegging van 'n jaarlikse plan.</li> <li>• Jaarlikse interne en eksterne ouditeuring.</li> </ul>

<b>GEÏNTEGREERDE VERVOERBEPLANNING</b>	
<b>Toewysingskriteria</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Behoeftebepaling onderneem as deel van vorige Munisipale Geïntegreerde Vervoerplanne.</li> <li>• Kapasiteit van munisipaliteit om die vervoerbeplanningsproses te bestuur.</li> <li>• Departementele begroting bekostigbaarheid.</li> <li>• Munisipaliteit het die menslike hulpbronne, maar nie die finansiële hulpbronne om die statutêre beplanningsvereistes uit te voer.</li> </ul>
<b>Rede waarom nie in bilike deel ingelyf</b>	Bystand in terme van die Wet op Nasionale Padvervoer, 2009 (Wet 5 van 2009).
<b>Vorige prestasie</b>	<p>Werlike spandering soos per Jaarverslag:</p> <p>2015/16: R3 miljoen</p> <p>2017/18: R3 miljoen</p> <p>2018/19: R3 miljoen (Werk in proses)</p>
<b>Geprojekteerde tydsduur</b>	Deurlopend, jaarlikse hersiening.
<b>MTUR-toewysings</b>	2019/2020: R3 miljoen; 2020/2021: R3 miljoen, 2021/22: R3 miljoen
<b>Betalingskedule</b>	Eenmalig, derde kwartaal.
<b>Verantwoordelikhede van die Provinsiale oordragsbeampte en ontvangsbeampte</b>	<p><b>Verantwoordelikhede van die provinsiale oordraggewende beampte</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ontvang primêre bankrekeningbesonderhede.</li> <li>• Ontvang nuutste geouditeerde finansiële state.</li> <li>• Opstel van samewerkingsooreenkoms.</li> <li>• Voldoen aan ooreenkomste.</li> <li>• Bewerkstellig oordragsbetalings.</li> <li>• Evalueer verslae.</li> <li>• Woon maandelikse Bestuurskomiteevergaderings by.</li> <li>• Verkry Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 artikel 38(1)(j) sertifikaat.</li> </ul> <p><b>Verantwoordelikhede van die ontvangsbeampte</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Munisipale Bestuurder moet bevestig dat die gebruik van die fondse geoudit was.</li> <li>• Maandelikse verslagdoening op projek prestasie (finansiël en nie-finansiël).</li> <li>• Tydige indiening van Geïntegreerde Vervoerplanne aan die LUR vir Vervoer in die Wes-Kaap.</li> <li>• Voorlegging van finansiële- en geouditeerde verslae ingevolge die oordragooreenkoms.</li> <li>• Voorsiening van jaarlikse geouditeerde finansiële state.</li> <li>• Voorsien Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 artikel 38(1)(j) Sertifikaat.</li> <li>• Stigting van Bestuurskomitee.</li> <li>• Voldoen aan ooreenkomste.</li> <li>• Na afhandeling van die projek, dien geouditeerde finansiële state in vir die finansiële jaar waarin projek voltooi is.</li> <li>• Die Munisipale Bestuurder moet aansoek doen vir oordrag van allokasie en indien nodig onbestede fondse terug te betaal.</li> </ul>



<b>FINANSIËLE BYSTAND AAN MUNISIPALITEITE VIR INSTANDHOUDING EN KONSTRUKSIE VAN VERVOERINFRASTRUKTUUR</b>	
<b>Oordraggewende provinsiale departement</b>	Vervoer en Openbare Werke (Begrotingspos 10)
<b>Strategiese doelwit</b>	Maksimeer bemagtiging en werkskepping in die Wes-Kaap.
<b>Doel van toekenning</b>	Om finansiële bystand/subsidie aan munisipaliteite te verleen met die onderhoud/konstruksie van geproklameerde munisipale hoofpaaie waar die munisipaliteit die padowerheid is (Artikel 50 van Ordonnansie 19 van 1976).
<b>Uitkomsteverklaring</b>	Veilige en geonderhoude munisipale padnetwerk.
<b>Uitsette</b>	Projekte: 24 onderhoud, 2 herseël, 3 opgradering.
<b>Prioriteit uitkomst(e) van die regering waartoe hierdie toekenning hoofsaaklik gaan bydra</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Nasionale Uitkoms 4: Ordentlike werk deur inklusiewe groei.</li> <li>• Provinsiale Strategiese Doel (PSD) 1: Skep geleenthede vir groei en werk.</li> <li>• Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 5: Vestig goeie straitsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en ruimtelike belyning.</li> </ul>
<b>Besonderhede vervat in besigheidsplan/ implementeringsplan</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Voldoen aan kwaliteit- en ingenieurswese standaarde.</li> <li>• Memorandum van Ooreenkoms met munisipaliteite.</li> <li>• Tydige implementering van projekte in verhouding tot die verdeling van die koste.</li> </ul>
<b>Voorwaardes</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Voldoen aan artikel 38(1)(j) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999).</li> <li>• Voldoening aan artikel 71(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003).</li> <li>• Projek mag nie goedgekeurde begroting oorskry nie.</li> <li>• Munisipaliteit moet voorsiening maak vir 20 persent of relevante ooreengekome persentasie van die kostes.</li> <li>• Betrokke munisipaliteit moet die projek goedkeur.</li> <li>• Prestasie-ooreenkomste (finansieel en nie-finansieel) gesluit.</li> <li>• Kwartaallikse nie-finansiële prestasie verslagdoening.</li> <li>• Maandelikse finansiële prestasie verslagdoening.</li> <li>• Binne-jaar moniteringsverslagdoening.</li> <li>• Jaarlike interne en eksterne ouditering.</li> <li>• Distrik Padingenieurs (DPE) moniteer en inspekteer projekte wat in die proses van voltooiing is. Na voltooiing word die voorgeskrewe eisvorms gesertifiseer voordat dit aan Hoofkantoor gestuur word vir betaling.</li> <li>• Kontraktuele wysigingsopdragte wat 'n impak op die subsidies het wat betaal moet word, moet deur die DPE gemonitor word om nakoming te verseker met die memorandum van ooreenkoms.</li> <li>• Verkry Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 artikel 38(1)(j) sertifikate.</li> </ul>
<b>Toewysingskriteria</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Toewysings word gebaseer op uitsette van die Plaveisel Bestuurstelsel wat dan geprioritiseer word.</li> <li>• Oorweging van munisipale Geïntegreerde Vervoerplanne word as insette in die besluitnemingsproses gebruik.</li> </ul>



<b>FINANSIËLE BYSTAND AAN MUNISIPALITEITE VIR INSTANDHOUDING EN KONSTRUKSIE VAN VERVOERINFRASTRUKTUUR</b>	
<b>Rede waarom nie in billike deel ingelyf</b>	Word beoordeel ingevolge die Plaveisel Bestuurstelsel.
<b>Vorige prestasie</b>	2016/17: R41.699 miljoen 2017/18: R62.931 miljoen 2018/19: R 64.954 miljoen (Werk in proses)
<b>Geprojekteerde tydsduur</b>	Deurlopend, jaarlikse hersiening.
<b>MTUR-toewysings</b>	2019/20: R49.1 miljoen; 2020/21: R94.5 miljoen; 2021/22: R87.000 miljoen
<b>Betalingskedere</b>	Tweede, derde en vierde kwartaal.
<b>Verantwoordelikhede van die Provinsiale oordragsbeampte en ontvangsbeampte</b>	<p><b>Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragsgewende beampte</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewerkstellig oordrag.</li> <li>• Voldoen aan ooreenkomste.</li> <li>• Voldoen aan subsidie bestuursraamwerk.</li> <li>• Voldoen aan departementele standaard.</li> <li>• Goedkeuring of verwerping van kontraktuele wysigingsopdragte.</li> <li>• Evalueer verslae.</li> <li>• Uitvoer van terreinbesoeke.</li> <li>• Verkry Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 artikel 38(1)(j) sertifikaat.</li> </ul> <p><b>Verantwoordelikhede van die ontvangende beampte</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Voldoening aan departementele standaard.</li> <li>• Voldoen aan ooreenkomste.</li> <li>• Indien van vereiste verslae.</li> <li>• Indien van variasie aansoek.</li> <li>• Indien van geouditeerde finansiële jaarstate.</li> <li>• Verskaf die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 artikel 38(1)(j) sertifikaat.</li> <li>• Die Munisipale Bestuurder moet aansoek doen vir oordrag van allokasie en indien nodig onbestede fondse terug te betaal.</li> </ul>
<b>Proses vir goedkeuring van toewysings vir die 2020/21-boekjaar</b>	Aansoeke van munisipaliteite ontvang vir die bou, herseël en roetine-instandhouding, word beoordeel ingevolge die Plaveisel Bestuurstelsel en begrotingsbeperkinge met munisipaliteite se Geïntegreerde Vervoerplanne wat as insette gebruik word in die finale toewysings.

Kategorie	Distrik Munisipaliteit	Afbakening kode	Munisipaliteit	Provinsiale Finansiële Jaar			Munisipale Finansiële Jaar		
				2019/20 Toewysing (R'000)	2020/21 Toewysing (R'000)	2021/22 Toewysing (R'000)	2019/20 Toewysing (R'000)	2020/21 Toewysing (R'000)	2021/22 Toewysing (R'000)
B	DC1	WC011	Matzikama	73	83	83	73	83	83
B	DC1	WC012	Cederberg	69	79	79	69	79	79
B	DC1	WC013	Bergrivier	97	111	111	97	111	111
B	DC1	WC014	Saldanhabaai	118	135	135	118	135	135
B	DC1	WC015	Swartland	4 374	176	8 176	4 374	176	8 176
B	DC2	WC022	Witzenberg	1 118	8 135	8 135	1 118	8 135	8 135
B	DC2	WC023	Drakenstein	14 736	50 841	48 841	14 736	50 841	48 841
B	DC2	WC024	Stellenbosch	384	439	439	384	439	439
B	DC2	WC025	Breedevallei	146	167	167	146	167	167
B	DC2	WC026	Langeberg	124	142	142	124	142	142
B	DC3	WC031	Theewaterskloof	114	130	130	114	130	130
B	DC3	WC032	Overstrand	126	144	144	126	144	144
B	DC3	WC033	Kaap Agulhas	78	89	89	78	89	89
B	DC3	WC034	Swellendam	50	57	57	50	57	57
B	DC4	WC041	Kannaland	50	57	57	50	57	57
B	DC4	WC042	Hessequa	103	118	118	103	118	118
B	DC4	WC043	Mosselbaai	5 055	16 063	2 063	5 055	16 063	2 063
B	DC4	WC044	George	422	482	482	422	482	482
B	DC4	WC045	Oudtshoorn	115	131	131	115	131	131
B	DC4	WC047	Bitou	129	147	147	129	147	147
B	DC4	WC048	Knysna	89	102	102	89	102	102
B	DC5	WC051	Laingsburg	50	57	57	50	57	57
B	DC5	WC052	Prins Albert	50	57	57	50	57	57
B	DC5	WC053	Beaufort-Wes	50	58	58	50	58	58
<b>Ander (Ontoegewys)</b> <sup>Nota</sup>				13 190	16 500	17 000	13 190	16 500	17 000
<b>TOTAAL</b>				<b>40 910</b>	<b>94 500</b>	<b>87 000</b>	<b>40 910</b>	<b>94 500</b>	<b>87 000</b>

Ander (Ontoegewys) <sup>Nota</sup>	Finansiële Bystand aan Munisipaliteite vir Instandhouding en Konstruksie van Vervoerinfrastruktuur		
	Munisipale Finansiële Jaar		
	2019/20 Toewysing (R'000)	2020/21 Toewysing (R'000)	2021/22 Toewysing (R'000)
Die verspreiding van die ontoegewyste allokasies is afhanklik van die 20% mede-befondsing deur die relevante munisipaliteite. Aangesien dit nog nie gefinaliseer is nie, voorsien is in munisipale begrotings en goedgekeur is nie, kan dit nie in die provinsiale koerant bekend gemaak en oorgeplaas word nie.	13 190	16 500	17 000

<b>GEORGE GEÏNTEGREERDE OPENBARE VERVOERNETWERK - BEDRYF</b>	
<b>Oordraggewende provinsiale departement</b>	Vervoer en Openbare Werke (Begrotingspos 10)
<b>Strategiese doelwit</b>	Lewer veilige, doeltreffende en geïntegreerde vervoerstelsels in die Wes-Kaap.
<b>Doel van toekenning</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Om George Munisipaliteit in staat te stel om 'n openbare vervoerdiens te implementeer soos beoog is in die George Geïntegreerde Openbare Vervoernetwerk.</li> <li>• Om addisionele befondsing te voorsien vir openbare vervoer dienste wat deur die George Munisipaliteit gelewer word.</li> <li>• Om addisionale befondsing te voorsien om die tekort in operasionele koste aan te spreek.</li> <li>• Om voorsiening te maak vir addisionele bedryfsondersteuning wat die gevolge van beduidende verswakte bedryfstoestande en vergrote transformasie verpligtinge onderskryf.</li> </ul>
<b>Uitkomst-verklaring</b>	Voorsiening van openbare vervoerdienste wat doeltreffend, toeganklik, gerieflik, veilig, betroubaar en bekostigbaar is en wat gelewer word deur kontrakte met openbare vervoer-operateurs en ondersteunende diensverskaffers.
<b>Uitsette</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Voorsiening van universeel toeganklike, wêreld gehalte, geskeduleerde openbare vervoerdienste aan die inwoners van George soos beoog in die George Geïntegreerde Openbare Vervoer netwerk.</li> <li>• Diens frekwensies van meer as een rit per uur en soveel as een rit elke 15 minute in hoogs ontwikkelde gebiede.</li> <li>• Bedryfskontrakte met openbare vervoer-operateurs.</li> <li>• Dienskontrakte met ondersteunende diensverskaffers.</li> <li>• Transformasie van die totale geaffecteerde minibus taxi en bus industrie.</li> </ul>
<b>Prioriteit uitkomst(e) van die regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik gaan bydra</b>	<p>Nasionale Uitkoms 6: 'n Doeltreffende, mededingende en deelnemende ekonomiese infrastruktuur netwerk.</p> <p>Nasionale Uitkoms 8: Volhoubare menslike nedersettings en verbeterde gehalte van huishoudelike lewe.</p> <p>Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 4: Bevorder 'n veerkragtige, volhoubare, gehalte en inklusiewe leefomgewing.</p>
<b>Besonderhede vervat in besigheidsplan/ implementeringsplan</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Om effektiewe implementering van die George Geïntegreerde Openbare Vervoernetwerk te verseker en die uiteindelijke oordrag van verantwoordelikheid na George Munisipaliteit te fasiliteer, het die Departement en die George Munisipaliteit 'n inter-regeringsooreenkoms en finansiële ooreenkoms gesluit ingevolge artikel 12 van die Wet op Nasionale Padvervoer.</li> <li>• Ingevolge die bepalings van die inter-regeringsooreenkoms het George Munisipaliteit en die Departement ooreengekom om gesamentlik sekere funksies te verrig wat nodig is om die effektiewe implementering van die George Geïntegreerde Openbare Vervoernetwerk te verseker.</li> </ul>

<b>GEORGE GEÏNTEGREERDE OPENBARE VERVOERNETWERK - BEDRYF</b>	
